

Hoofstuk van die dag: Sefanja 2

Soek die Here, al die nederiges van die land wat sy opdrag uitgevoer het. Soek geregtigheid, soek nederigheid; miskien vind julle ‘n skuilplek op die dag van die Here se toorn. (vers 3, 2020-vertaling)

Ná sy grafiese profesie oor die Dag van die Here in hoofstuk 1 kom Sefanja met die dringende oproep tot bekering (vers 1 en 2), met die belofte dat daar uitkoms uit die oordeel moontlik is (vers 3b). Dié regruk het egter implikasies vir die bekeerde: ’n hernude gerigtheid op die Here en sy wil en ’n doen wat Hy wil hê; ’n strewe na dit wat reg is, en nederigheid.
Bonhoeffer het gewaarsku teen goedkoop genade wat verlossing en die ewige lewe predik, sonder die eis van navolging van die Here Jesus. Bekering is nooit afgehandel nie en ook nie die een en al van Christen-wees nie. Dis ’n proses van daaglikse draai na God, ’n daaglikse soeke na sy wil, ’n voortdurende fokus op wat reg is, ’n sterwe aan jouself.
Christus se offer neem ons sonde weg, maar sy eis van selfverloëning, jou kruis opneem en Hom volg (Luk 9:23) geld steeds vir ons elkeen.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026